

Skriflesing: Jesaja 6 vers 1 - 13
Tema: Hier is ek! Stuur my!

Ek glo dat ons elkeen elke dag soos Jesaja met oorgawe en entoesiasme wil opspring en vir die Here wil sê: "Hier is ek! Stuur my!" Stuur my waar, wanneer en vir wat ookal U my nodig het! Maar ons doen dit nie. Soos Moses protesteer ons, soos Gideon is ons bang of soos Jona vlug ons. Is dit moontlik om in Jesaja se entoesiasme en oorgawe te deel? Ja, dit is! Hoe is dit moontlik?

1. Ek ontmoet, sien en hoor die Here. Hoe sien jy die Here? Wat is jou prentjie van Hom?

Jesaja sien die Here in al Sy HEERlikheid en heiligheid. Twee maal lees ons dat Jesaja Hom sien as die Almagtige. Hy sit op op 'n hoë troon. Koning Ussia van Juda is dood nadat hy vir 52 jaar goed regeer het en die land 'n bloeitydperk beleef het. Die ware Koning wat regeer is egter steeds op Sy troon. Die onderste deel van sy kleed, die soom, het die tempel gevul. Hierdeur word aangedui dat Hy betrokke is by ons. Die hele tempel was vol van sy magtige teenwoordigheid. Vandag is ons as kinders die tempel van die Heilige Gees. My lewe is gevul met sy magtige teenwoordigheid.

By die Here was serafs. Hulle is Sy hemelse diensknegte. Hul het 3 pare vlerke. Met twee vlerke bedek hulle hul gesig in die glansryke teenwoordigheid van die Here. Hulle bedek ook hulle voete omdat hulle besef dat hulle onwaardig is voor Hom. Die serafs het hard geroep. Hul roep so hard dat die deurkosyne rammel en die tempel vol rook word. Hulle roep dat die Here volmaak heilig is. Jesaja sien die grootheid, heiligheid en mag van die Here op 'n nuwe manier. Hy ontmoet Hom op nuwe 'n manier. Hoe sien jy Hom? Hy is so anders as ons as sondige mense.

In die oorweldigende teenwoordigheid van die Here, Sy absolute grootheid, almag en volmaakte heiligheid besef ek dat ek nie op standaard is nie.

2. Ek besef my eie sondigheid en nietigheid. Sonder die vergifnis en verlossing van God is ek verlore.

Jesaja roep: "Toe het ek uitgeroep: "Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige." (Jesaja 6 vers 5)

Teenoor Hom wat volmaak heilig is, is ek totaal korrup. Ek is in sonde vasgevang. Ek doen sonde deur wat ek dink, doen en sê. En nie net ek doen dit nie, maar ook die volk by wie ek bly. Soos Jesaja roep ek uit: "Dit is klaar met my! Ek is verlore!" Soos Tollenaar in Lukas 18 slaan ek bedroef op my bors en roep: "O God, wees my, sondaar, genadig."

3. Die wonderlike is dat die Here my sonde vergewe. Hy maak my nuut en roep my vir diens.

Ons lees in Jesaja 6:6-7: "Een van die serafs het toe 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg. ⁷Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: "Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen." Die altaar is 'n simbool van die offer wat gebring is. Die kool is simbool van die reinigende en vergewende krag van God. Hy het die verhouding tussen God en mens herstel.

Die altaar is vervang met die kruis. Hoor hoe die Here vir jou in 1 Johannes 1vers 9 verseker: "Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid." Loof Hom daarvoor. Maar Hy vergewe nie net my sonde nie. Hy rus my ook toe en roep my tot diens.

Jesaja word deur die Here nuut gemaak. Hierdie Goddelike verandering is radikaal. Van "Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein...!" verander Jesaja tot waar Hy sê: "Hier is ek! Stuur my!"

Jesaja se sonde is vergewe. Hy is vry om die Here te dien. Hy is bereid om enige iets vir God te doen.

Hierdie radikale verandering in gelowiges se lewens is niks vreemds nie, dit is noodsaaklik. Here wil ook ons lewens so verander. Hy vergewe jou sonde. Maar vergifnis van sonde is nie die einde nie. Dit is die begin van jou diensbaarheid aan God. Saam met vergifnis gaan roeping. Hy wat ons verlos, roep en rus almal van ons toe vir Sy diens.

Wanneer Hy my sonde vergewe het en my nuut gemaak het, kan ook ek nie anders nie as om op Sy roepstem te antwoord: "Hier is ek! Stuur my!"

4. Ek stel myself beskikbaar vir diens.

Ek is boodskapper van die Here, nie op grond van wie ek is nie, maar op grond van wie die Here is. "Vision leads to mission." My visie op God en wie Hy is, lei tot my missie. Die Koning en nie die kerkraad of dominee nie, stel my in diens.

Die Heilige Gees maak my Sy getuie.

Ons lees in Handeling 1 vers 8: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Die Heilige Gees gee my 'n getuienis.

Ons gebruik soms die verskoning dat ons nie weet wat om te getuig nie. Maar almal van ons het tog 'n persoonlike getuienis van hoe die Here ons verander het en ons ons lewens aan Hom oorgegee het.

En dan lees ons ook in Matteus 10 vers 18-20: "Ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word ter wille van My. Dit sal julle geleentheid wees om voor hulle en voor die heidennasies van My te getuig. Wanneer hulle julle uitlewer, moet julle julle nie bekommer oor hoe of wat julle moet sê nie, want op daardie oomblik sal God aan julle gee wat julle moet sê. Dan is dit nie julle wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat deur julle praat."

Afsluiting

God wil ons elkeen stuur om Sy boodskappers te wees. Ons bereidheid om daarvoor gebruik te word, begin by die Here. Nadat ons die Here ontmoet het, Hom gesien en gehoor het wie Hy is en nadat ons ons eie sonde en nietigheid besef en dit voor die Here bely het en nadat die Here ons radikaal gereinig het daarvan, roep Hy ons. En wanneer die Here ons dan roep om Sy boodskappers te wees, kan ons nie anders nie as om ook te antwoord: "Hier is ek! Stuur my!"

Amen